# MEDIAVERKLARING

**VIR ONMIDDELIKE VRYSTELLING** 3 Julie 2026

## NAMPO Kaap 2026: Saam groei ons

**Bredasdorp, Julie 2026** – NAMPO Kaap 2026 vind van 9 tot 12 September 2026 by Bredasdorp Park in Bredasdorp plaas en bring produsente, landboubesighede, navorsers, diensverskaffers en gemeenskappe van regoor die landbouwaardeketting bymekaar.

Aangebied onder die tema **"Saam groei ons"**, vier vanjaar se ekspo die vennootskappe tussen produsente, die bedryf en gemeenskappe wat Suid-Afrikaanse landbou vorentoe dryf. Met 600 uitstalruimtes en parkering oor 32 hektaar sal besoekers toegang hê tot meer as 500 uitstallers wat die nuutste landboutegnologie, produkte, dienste en innovasies ten toon stel.

Die 2026-tema weerspieël 'n eenvoudige, maar belangrike werklikheid: landbou kan nie in isolasie floreer nie. Die bou van 'n veerkragtige, mededingende en volhoubare sektor hang af van sterk vennootskappe tussen produsente, landboubesighede, georganiseerde landbou, navorsers, innoveerders, diensverskaffers, finansiers, die regering en die gemeenskappe wat die sektor ondersteun.

Dit is veral relevant vir produsente in die wintergraangebiede, waar druk op produktiwiteit, winsgewendheid en langtermynvertroue steeds toeneem. Hoë insetkoste, swakker kommoditeitspryse, finansieringskoste, beleidsonsekerheid en moeilike produksietoestande plaas baie produsente onder finansiële druk. Onlangse verwikkelinge rondom die koringtariefbedeling het kommer oor produsentevertroue, mededingendheid en die langtermynvolhoubaarheid van plaaslike koringproduksie verder verskerp.

Dr Dirk Strydom, Besturende Direkteur van NAMPO (Edms) Bpk, sê NAMPO Kaap het juis 'n belangrike platform geword omdat dit ruimte skep waar produsente in moeilike tye rigting kan vind.

> "Produsente in die wintergraangebiede boer in 'n omgewing waar elke besluit al hoe meer kompleks raak. Produktiwiteit, winsgewendheid, insetkoste, marktoegang en beleidsekerheid vorm almal deel van dieselfde gesprek. NAMPO Kaap bied aan produsente die geleentheid om uit isolasie te tree, met die breër waardeketting te skakel en praktiese antwoorde te soek wat hul ondernemings en vertroue vir die seisoene wat voorlê, kan versterk," sê Strydom.

Hoewel individuele produsente hierdie uitdagings dikwels alleen dra, bied NAMPO Kaap 'n ruimte waar hulle kan kontak maak, idees kan vergelyk, nuwe tegnologieë kan verken en deel kan neem aan praktiese gesprekke wat tot werklike oplossings op plase kan lei. Die ekspo is nie net 'n vertoonvenster vir produkte en dienste nie, maar ook 'n ontmoetingsplek vir nuwe denke, samewerking en gesamentlike probleemoplossing.

Henk Aggenbach, Voorsitter van Bredasdorp Park NPC, sê die tema is besonder relevant binne die huidige omgewing waarin landbouprodusente in Suid-Afrika hulself bevind.

> "Regoor die sektor werk baie ondernemings harder vir kleiner marges. Produksiekoste bly hoog, terwyl swakker kommoditeitspryse steeds druk op produsente plaas," sê hy.

Lewendehaweprodusente hanteer ook steeds die impak van bek-en-klouseer, wat finansiële druk verhoog, veebeweging ontwrig en toegang tot uitvoermarkte beïnvloed het. Daarbenewens het erge oorstromings in

Mei 2026 wydverspreide infrastruktuurskade regoor die Wes-Kaap veroorsaak. Hierdie werklikhede beklemtoon hoe blootgestel produsente nie net aan markdruk is nie, maar ook aan dieregesondheidsrisiko's, infrastruktuurswakhede en uiterste weersomstandighede.

Teen hierdie agtergrond is **"Saam groei ons"** meer as net 'n tema; dit is 'n praktiese verklaring van hoe die landbousektor vorentoe beweeg. NAMPO Kaap skep 'n belangrike platform waar produsente oplossings kan vind, met nuwe denke kan skakel en toegang tot innovasie naby aan die plaas kan kry. Dit bied ook 'n geleentheid vir gesprekke wat saak maak - tussen produsente, insetverskaffers, kommoditeitsorganisasies, navorsers, finansiers en beleidmakers.

Volgens Strydom lê die waarde van NAMPO Kaap daarin dat dit kennis, tegnologie en mense op een plek bymekaar bring.

> "Geen enkele produsent kan vandag se produksie- en winsgewendheidsuitdagings alleen oplos nie. Wat NAMPO Kaap doen, is om die regte mense in dieselfde ruimte te bring - produsente, verskaffers, navorsers, georganiseerde landbou en diensverskaffers - sodat gesprekke idees kan word, idees besluite kan word, en besluite praktiese verandering op plase kan word. Daarom maak hierdie platform saak, veral in 'n streek waar produsente onder werklike druk verkeer," sê Strydom.

Vanjaar sal **georganiseerde landbousessies** in die Santam-ouditorium verteenwoordigers van die Rooivleisprodusente-organisasie, Melkprodusente-organisasie, Vinpro en Graan SA bymekaar bring om sektorprioriteite, uitdagings en oplossings te bespreek. Besoekers sal ook insigte en innovasie kan verken deur die gewilde **Nasie in Gesprek**, **Food for Mzansi**-gesprekke, die **Ikusasa Water Wise Centre** en die **Seminaar oor Beskermde Groenteproduksie**.

## Ruiterprogram om besoekers te vermaak

Die ruiterprogram in die Western Cape Lubricants Arena sal gewilde hoogtepunte insluit, waaronder die **Suid-Afrikaanse Lipizzaners**, bekend vir hul gechoreografeerde vertonings en presisierykuns. Besoekers kan ook uitsien na demonstrasies deur **Griffins Perde-boogskut**, waar ruiters spoed, vaardigheid en akkuraatheid ten toon stel terwyl hulle te perd na teikens skiet.

**Mounted Games**, dikwels beskryf as die tienkamp van ruitersport, sal verdere opwinding tot die program toevoeg. Die dissipline kombineer spoed, ratsheid en presisie terwyl ruiters skerp draaie, vinnige oorgee-aksies en ingewikkelde hindernisse met uitsonderlike beheer navigeer.

## Werkhonde en rasskoue

Namate tegnologie al hoe meer in landbou geïntegreer word, bly werkhonde hul waarde op plase en in gespesialiseerde dienste bewys. Besoekers sal kan sien hoe goed opgeleide **skaaphonde** met doeltreffende, laestres-veehantering help, terwyl die **Suid-Afrikaanse Lugmaghonde** hul dissipline, ratsheid en vaardigheid sal ten toon stel. Die ekspo sal ook die kenmerkende Suid-Afrikaanse **Boerboel** in 'n toegewyde rasvertoning vier.

## Pluimvee neem die kollig

Hoewel daar geen lewende beeste, skape of bokke in die **Land Bank Veetent** sal wees nie, sal telersgenootskappe op die terrein wees om hul kundigheid met besoekers te deel. Die 2026-geleentheid sal 'n uitgebreide pluimvee-uitstalling insluit, met 'n verskeidenheid rasse wat aan die pluimveeskou deelneem. Daarbenewens sal die **BKB Veesentrum** as uitstalruimte gebruik word, wat selfs meer vir besoekers bied om te beleef.

NAMPO KAAP | CAPE

BREDASDORP PARK NPC

## Vroueprogram bied inspirasie en vermaak

Die Vrouetent is vanjaar uitgebrei om nog meer besoekers te verwelkom. Die program bied ’n verskeidenheid inspirasie, uitstekende kos, geloof, musiek en boeiende gesprekke, met optredes en bydraes deur gewilde kunstenaars en persoonlikhede, insluitend Mel die Storieverteller, Brendan Peyper, Franna Benade en Willem Botha.

Vir NAMPO Kaap 2026 weerspieël die tema sowel die werklikhede van die huidige oomblik as die gees wat vir die toekoms nodig is: veerkragtigheid word gesamentlik gebou, en volhoubare landbouvooruitgang hang af van ’n bedryf wat kennis, geleenthede en oplossings deel.

## Besoekersinligting

Kaartjies vir NAMPO Kaap 2026 is vanaf 1 Julie 2026 aanlyn beskikbaar deur die bestaande kaartjieplatform. Kaartjies is nie dagspesifiek nie en kan op enige van die vier dae gebruik word.

**Kaartjiepryse:**

- R110 per volwassene aanlyn
- R120 per volwassene by die hek
- R60 per kind by die hek alleenlik
- Gratis toegang vir voorskoolse kinders

**Ekspo-ure:**

- 09 tot 11 September: 08:00 tot 17:00
- 12 September: 08:00 tot 14:00

**Verblyfinligting:**

- Cape Agulhas Tourism Office: 028 424 2584 / 082 896 2225
- www.overberg-info.co.za
- Tentverblyf by Bredasdorp Park: admin@antoinetteevents.co.za

**EINDE**

***Uitgereik deur:***
*Graan SA & Bredasdorp Park NPC*

***Vir media navrae:***
*Gerda Kriel*
*media@expo.org.za | 072 664 7667*

# MEDIA RELEASE

**FOR IMMEDIATE RELEASE** 3 July 2026

## NAMPO Cape 2026: Together We Grow

**Bredasdorp, Julie 2026 –** NAMPO Cape 2026 will take place from 9 to 12 September 2026 at Bredasdorp Park in Bredasdorp, bringing together farmers, agribusinesses, researchers, service providers and communities from across the agricultural value chain.

Presented under the theme **"Together We Grow"**, this year's expo celebrates the partnerships between farmers, industry and communities that continue to drive South African agriculture forward. With 600 exhibition spaces and parking across 32 hectares, visitors will have access to more than 500 exhibitors showcasing the latest agricultural technology, products, services and innovations.

The 2026 theme reflects a simple but important reality: agriculture cannot thrive in isolation. Building a resilient, competitive and sustainable sector depends on strong partnerships between producers, agribusinesses, organised agriculture, researchers, innovators, service providers, financiers, government and the communities that support the sector.

This is especially relevant for producers in the winter grain regions, where pressure on productivity, profitability and long-term confidence continues to intensify. High input costs, weaker commodity prices, financing costs, policy uncertainty and difficult production conditions have placed many producers under financial strain. Recent developments around the wheat tariff dispensation have further sharpened concerns around producer confidence, competitiveness and the long-term sustainability of local wheat production.

Dr Dirk Strydom, Managing Director of NAMPO (Pty) Ltd, said NAMPO Cape has become an important platform precisely because it creates space for producers to find direction in difficult times.

> "Producers in the winter grain regions are farming in an environment where every decision has become more complex. Productivity, profitability, input costs, market access and policy certainty are all part of the same conversation. NAMPO Cape gives producers the opportunity to step out of isolation, engage with the wider value chain and look for practical answers that can strengthen their businesses and their confidence for the seasons ahead," said Strydom.

While individual producers often carry these challenges alone, NAMPO Cape offers a space where they can connect, compare ideas, explore new technologies and take part in practical conversations that may lead to real solutions on farms. The expo is not only a showcase of products and services, but also a meeting point for new thinking, collaboration and shared problem-solving.

Henk Aggenbach, Chairperson of Bredasdorp Park NPC, said the theme is particularly relevant in the current environment facing agricultural producers in South Africa.

> "Across the sector, many businesses are working harder for tighter returns. Production costs remain high, while weaker commodity prices continue to place producers under pressure," he said.

Livestock producers are also continuing to deal with the impact of Foot-and-Mouth Disease, which has increased financial strain, disrupted livestock movement and affected access to export markets. In addition, severe flooding in May 2026 caused widespread infrastructure damage across the Western Cape. These

realities underline how exposed producers are not only to market pressures, but also to animal health risks, infrastructure weaknesses and extreme weather events.

Against this backdrop, "Together We Grow" is more than a theme; it is a practical statement of how the agricultural sector moves forward. NAMPO Cape creates an important platform where producers can find solutions, engage with new thinking and access innovation close to home. It also offers an opportunity for conversations that matter - between producers, input suppliers, commodity organisations, researchers, financiers and policymakers.

According to Strydom, the value of NAMPO Cape lies in the fact that it brings knowledge, technology and people together in one place.

> "No single producer can solve today's production and profitability challenges alone. What NAMPO Cape does is bring the right people into the same space - producers, suppliers, researchers, organised agriculture and service providers - so that conversations can become ideas, ideas can become decisions, and decisions can become practical change on farms. That is why this platform matters, especially in a region where producers are under real pressure," Strydom said.

This year, **organised agriculture sessions** at the Santam Auditorium will bring together representatives from the **Red Meat Producers' Organisation, Milk Producers' Organisation, Vinpro and Grain SA** to discuss sector priorities, challenges and solutions. Visitors will also be able to engage with insights and innovation through the popular **Nation in Conversation**, **Food for Mzansi discussions**, the **Ikusasa Water Wise Centre** and the **Protected Vegetable Production Seminar**.

### Equestrian programme to entertain visitors

The equestrian programme in the Western Cape Lubricants Arena will feature popular attractions including the South African Lipizzaners, renowned for their choreographed performances and precision riding. Visitors can also look forward to demonstrations by Griffins Horse Archery, where riders display speed, skill and accuracy while shooting at targets on horseback.

Mounted Games, often described as the decathlon of equestrian sport, will add further excitement to the programme. The discipline combines speed, agility and precision as riders navigate tight turns, rapid hand-offs and complex obstacles with exceptional control.

### Working dogs and breed showcases

As technology becomes more integrated into agriculture, working dogs continue to demonstrate their value on farms and in specialised services. Visitors will be able to see how well-trained sheepdogs assist with efficient, low-stress livestock handling, while the South African Air Force Dogs will showcase their discipline, agility and skill. The expo will also celebrate the distinctive South African Boerboel in a dedicated breed showcase.

### Poultry takes centre stage

While there will be no live cattle, sheep or goats in the Land Bank Livestock Tent, breeder societies will be on site to share their expertise with visitors. The 2026 event will feature an expanded poultry exhibition, with a variety of breeds participating in the poultry show. In addition, the BKB Livestock Centre will be used as exhibition space, creating even more for visitors to experience.

### Women's programme offers inspiration and entertainment

NAMPO KAAP | CAPE

BREDASDORP PARK NPC

The Women's Tent has been expanded this year to welcome even more visitors. The programme offers a selection of inspiration, excellent food, faith, music and engaging conversation, featuring performances and contributions from popular artists and personalities, including Mel the Storyteller, Brendan Peyper, Franna Benade and Willem Botha.

For NAMPO Cape 2026, the theme reflects both the realities of the present moment and the spirit required for the future: resilience is built collectively, and sustainable agricultural progress depends on an industry that shares knowledge, opportunities and solutions.

### Visitor information

Tickets for NAMPO Cape 2026 are available online from 1 July 2026 through the existing ticketing platform. Tickets will not be day-specific and may be used on any of the four days.

**Ticket prices:**

- R110 per adult online
- R120 per adult at the gate
- R60 per child at the gate only
- Free entry for preschool children

**Expo hours:**

- 09 to 11 September: 08:00 to 17:00
- 12 September: 08:00 to 14:00

**Accommodation information:**

- Cape Agulhas Tourism Office: 028 424 2584 / 082 896 2225
- www.overberg-info.co.za
- Tented Accommodation at Bredasdorp Park: admin@antoinetteevents.co.za

**ENDS**

***Issued by:***
*Grain SA & Bredasdorp Park NPC*

***For media enquiries:***
*Gerda Kriel*
*media@expo.org.za | 072 664 7667*